



CHRISTINE VAN WYK TOERE
vir die fynproewer

CHRISTINE VAN WYK-TOERE

(EDMS) BPK
REG NR 94 01824/07

NEDERLAND, BELGIË EN ANDRÉ RIEU-KONSERT 29 Junie – 11 Julie 2019 TOERPROGRAM

Junie

Sa 29 JOHANNESBURG – ZURICH

Ons ontmoet mekaar om **16:30** by **Swiss Air** se inweegtoonbanke op die **O.R. Tambo-luhawe** in **Johannesburg** vir **Vlug LX 289** wat om **19:25** na **Zurich** vertrek.

So 30 ZURICH – AMSTERDAM

Ons land vanoggend om **06:10** in **Zurich** en vertrek om **07:20** met **Vlug LX 724** na **Amsterdam**, waar ons om **09:00** aankom. Ons vertrek van die lughawe na die Zaanse Schans – 'n karaktervolle woonbuurt aan die Zaanrivier met houthuise en windmeulens uit die 17de eeu, die glorietydperk van hierdie streek. Hier besoek ons 'n klompemakery, 'n kaasmakery en talle ander interessante besienswaardighede. Daarna word ons na ons boot, die **MS Rigoletto**, geneem.

Die boot lê binne loopafstand van die hoofreinstasie en die Damplein, van waar dit maklik is om **Amsterdam** te verken. 'n Mens sien die Oorlogsmonument in die middel van die plein en die Koninklike Paleis met die standbeeld van Atlas bo-op. Dit is moontlik om die Paleis asook die Nuwe Kerk langs die Paleis te besoek. Aan die regterkant van die plein is die stad se grootste afdelingswinkel, die Bijenkorf, en langs die Bijenkorf die Damrak – 'n straat wat na Amsterdam se 'Centraal Station' lei. Skuins oorkant die Bijenkorf is Kalverstraat – 'n baie lekker inkopiesstraat met talle groot winkels. Madame Tussaud se wasmuseum aan die Damplein is ook 'n besoek werd. Verskeie ander museums, oa die Ryksmuseum met Rembrandt se Nagwag, kan vanaf die Damplein per trem bereik word.

Julie

Ma 1 AMSTERDAM – HOORN

Vanoggend kan u hierdie wêreldstad met nie minder nie as 160 kanale en bruggies verder verken.

Om **12:30** vertrek die **Rigoletto** na **Hoorn**, waar ons om **16:00** vasmeer.

Hoorn lê sowat 35 km noord van Amsterdam aan die Ysselmeer. Dit het 'n bevolking van sowat 72 000. Die stad dateer uit die jaar 716. Gedurende Nederland se Goue Tydperk was Hoorn 'n belangrike hawestad in die jare toe die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie (NOIK) 'n florerende handel met die Ooste opgebou het. Daarna was daar 'n insinking, maar ná die Tweede Wêreldoorlog het die stad weer 'n vooruitstrewende plek geword, hoewel dit ná 1932 met die voltooiing van die Groot Afsluitdyk nie meer 'n seehawe gehad het nie. Ons het geleentheid om in hierdie ou geskiedkundige stad rond te stap.

Di 2 HOORN – LELYSTADT – DEVENTER

Die boot vertrek vanoggend om **05:00** uit Hoorn na **Lelystadt**, waar dit om **07:30** vasmeer.

Lelystad is gebou op die bodem van wat eers die Suidsee was. Vandag is dit die hoofstad van Flevoland. Die stad het 'n bevolking van sowat 760 000 en lê gemiddeld drie meter benede seevlak.

Ons onderneem vanoggend 'n busuitstappie na **Giethoorn** – 'n pentjiemooi dorpie met net sowat 2 620 inwoners in die provinsie Overijsse. Giethoorn is bekend vir talle pagtige waterweë, voetpaadjies, fietsroetes en eeue-oue grasdakhuisies. Daar is geen motorverkeer in hierdie dorpie nie en 'n bootvaart op een van die kanale neem 'n mens verby die rustige grasdakhuisies met feitlik die enigste geluide die gekwaak van eende en gesing van voëls. Baie van die huisies is net per boot bereikbaar.

Om **13:00** vertrek ons na **Deventer**, waar ons om **19:00** vasmeer.

Wo 3 DEVENTER – NIJMEGEN

Die Rigoletto vertrek om **05:00** van Deventer. Ons meer **12:00** vas in **Nijmegen** en stap na middagete op ons eie aan wal om hierdie interessante stad te verken. Nijmegen is Nederland se oudste stad en dateer uit die Romeinse tydperk voor Christus.

Do 4 NIJMEGEN – ROERMOND

Om **05:00** vertrek die Rigoletto na **Roermond**, waar ons om **15:00** aankom. Ons kuier onderweg heerlik op die dek of in die sitkamer en verlustig ons aan die Nederlandse landskap wat by ons verby beweeg.

Vr 5 ROERMOND – MAASTRICHT

Die boot vertrek om **08:00** van Roermond en meer om om **13:00** vas by **Maastricht** – 'n stad wat talle besienswaardighede vir toeriste bied. Die Rigoletto lê naby die ou stad. Ná aankoms het ons geleentheid om te gaan kyk waar Vrijthof geleë is en die stad te verken. In die straat agter Vrijthof se verhoog, is 'n André Rieu-museum.

Ons geniet aandete by 'n plaaslike hotel en word per bus daarheen vervoer. Ná ete laai die bus ons by Vrijthof af. Die atmosfeer in die strate is gewoonlik elektries. Gewapen met Suid-Afrikaanse vlaggies, neem ons ons sitplekke in om vir André Rieu in sy heimat te sien optree. Dit is 'n ongeëwenaarde skouspel wat 'n mens saam met toeriste van oor die hele wêreld beleef.

Ons stap in groepies terug boot toe.

Sa 6 MAASTRICHT – NUENEN

Ons ontskep vanoggend in Maastricht en vertrek per bus na Nuenen, wat internasionaal bekend is as die dorp waar die skilder Van Gogh sy eerste beroemde skildery, Die Aartappeleters, geskilder het. Dis 'n idilliese klein Nederlandse dorpie waar feitlik alles om die herinneringe aan Van Gogh draai. Ons oornag in Nuenen.

So 7 NUENEN – ANTWERPEN – BRUGGE

Ná ontbyt het ons geleentheid om Nuenen verder te verken voordat ons na **Antwerpen** vertrek. Antwerpen is bekend as die wêreld se diamantstad. Sowat 85% van die wêreld se ongeslypte diamante word jaarliks hier verhandel.

Met sowat 510 000 inwoners is Antwerpen België se grootste stad. Onder talle besienswaardighede tel die katedraal van Onze Lieve Vrouw. Dis die grootste katedraal in die Lae Lande en steeds Antwerpen se hoogste gebou. Die stad se Groot Markplein is vir verkeer gesluit en is die ideale plek om rond te stap. Antwerpen se stadsaal is aan die plein geleë.

Nadat ons Antwerpen verken het, vertrek ons na **Brugge**. Brugge staan ook bekend as "Die Venesië van die Noorde". Dis een van België se kroonjuwele! In min ander stede is die voorkoms en belewenis van die Middeleeue so intens as in hierdie sjarmante stad. Die historiese Ou Stad met kronkelende voetgangerstraatjies, romantiese bruggies oor die vele kanale (reien), dekoratief-gerestoureerde gewelhuises en museums vol kunsskatte is met reg tot 'n Unesco-wêrelderfenisgebied verklaar.

Ons oornag die volgende drie aande in 'n luukse hotel in die hartjie van die oud stad.

Ma 8 BRUGGE

Vandag bring ons heeldag in Brugge deur. Alles in Brugge is nie Middeleeus nie – die Neo-Gotiese styl van die negentiende eeu is oral (soos in die sierlike Gotiese toringkerke) sigbaar. Om by al die mooi plekkies uit te kom, vind ons besigtigingstoer hoofsaaklik te voet plaas. Dit bied die ideale geleentheid om die Belgiese kultuur van nader te leer ken.

U kan 'n opsionele bootvaart deur die Ou Stad onderneem, van die mooi katedrale besoek of sommer net rondstap en die klein juweeltjies van hierdie stad ontdek en geniet.

Di 9 BRUGGE – GENT – BRUGGE

Ons besoek aan en stadstoer in **Gent** vanoggend stel ons bekend aan een van België se oudste en geskiedkundigste stede. Dié stad was gedurende die Middeleeue een van Europa se grootste en invloedrykste stede. Dis ook die geboorteplek van Karel V, latere koning van Spanje en keiser van die Heilige Romeinse Ryk.

Die pragtige middestad is verkeervry en die argitektuur van die geboue weerspieël steeds die welvaart van vroeër toe dit die tekstielhoofstad van Europa was. Dit wemel van kronkelende kanale en keistestrate. Daar is genoeg vrye tyd om Gent behoorlik te verken voordat ons na Brugge terugkeer.

Wo 10 BRUGGE – BRUSSEL

Ná ontbyt vertrek ons na **Brussel**, hoofstad van België en die administratiewe hoofkwartier van die Europese Unie. Ons besigtigingstoer vind per bus en te voet plaas. Die stoptoer sluit 'n besoek aan een van die wêreld se mooiste stadspleine in. Ons besoek ook die beeldjie van Manneken Pis.

Daarna het ons vrye tyd voordat ons laatmiddag na die lughawe vertrek vir ons aansluitingsvlug (**LH 1017**) om **18:05** na **Frankfurt** en nagvlug met (**LH 572**) om **22:05** daarvandaan na Johannesburg.

Do 11 JOHANNESBURG

Ons land vanoggend om **08:30** in **Johannesburg** ná 'n onvergeetlike toer.